



Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 715

Cape Town
Kaapstad

29 January 2025

No. 52008

PART 1 OF 2

THE PRESIDENCY

No. 5790 **29 January 2025**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 36 of 2024: Marine Pollution (Prevention of Pollution from ships) Amendment Act, 2024

DIE PRESIDENSIE

No. 5790 **29 Januarie 2025**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 36 van 2024: Wysigingswet op Mariene Besoedeling (Voorkoming van Besoedeling Deur skepe), 2024

ISSN 1682-5845



9 771682 584003

5 2 0 0 8



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 20 December 2024)

ACT

To amend the Marine Pollution (Prevention of Pollution from Ships) Act, 1986, so as to give effect to Annex IV of the International Convention for the Prevention of Pollution from Ships, to incorporate the 1997 Protocol in order to give effect to Annex VI of the Convention; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 2 of 1986, as amended by section 1 of Act 66 of 1996

1. Section 1 of the Marine Pollution (Prevention of Pollution from Ships) Act, 1986 (hereinafter referred to as the “principal Act”), is hereby amended by the substitution for the definition of “Convention” of the following definition: 5

“**‘Convention’** means the International Convention for the Prevention of Pollution from Ships, 1973, as amended by the Protocol of 1978 adopted by the Inter-Governmental Maritime Consultative Organization (“IMCO”) in London on 17 February 1978, including any annexes, regulations and protocols which are issued in terms thereof and set out in the Schedule;” 10

Insertion of sections 2A and 2B in Act 2 of 1986

2. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 2:

“Incorporation of Convention into Law

2A. (1) Subject to the provisions of this Act, the Convention has the force of law in the Republic. 15

(2) The Minister shall, as soon as practicable after the entry into force for the Republic, of any amendment to the Convention, amend the Schedule by notice in the Gazette, to reflect such amendment.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vetdruk in vierkantige hakies dui weglatings uit bestaande verordeninge aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordeninge aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 20 Desember 2024)

WET

Tot wysiging van die Wet op Mariene Besoedeling (Voorkoming van Besoedeling deur Skepe), 1986, ten einde gevolg te gee aan Aanhangel IV van die Internasionale Konvensie ter Voorkoming van Besoedeling deur Skepe, ten einde die 1997-protokol te inkorporeer ten einde gevolg te gee aan Aanhangel VI van die Konvensie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 2 van 1986, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 66 van 1996

1. Artikel 1 van die Wet op Mariene Besoedeling (Voorkoming van Besoedeling deur Skepe), 1986, (hierna die “Hoofwet” genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van “Konvensie” deur die volgende omskrywing te vervang: 5

“ ‘**Konvensie**’ die Internasionale Konvensie ter Voorkoming van Besoedeling deur Skepe, 1973, soos gewysig deur die Protokol van 1978 wat op 17 Februarie 1978 te Londen deur die Interstaatlike Maritieme Raadplegende Organisasie (“IMCO”) aangeneem is, met inbegrip van enige aanhangsels, regulasies en protokolle wat ingevolge daarvan uitgereik is en waarvan 'n vertaling in die Bylae verskyn;”. 10

Invoeging van artikels 2A en 2B in Wet 2 van 1986

2. Die volgende artikels word hierby na artikel 2 in die Hoofwet ingevoeg:

“Inlywing van Konvensie in Wet

15

2A. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, het die Konvensie regsrag in die Republiek.

(2) Die Minister moet, so gou as moontlik na inwerkingtreding vir die Republiek, van enige wysiging van die Konvensie, die Bylae by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig ten einde sodanige wysiging weer te gee. 20

Technical Standards for Maritime Transport

2B. (1) The Authority may issue technical standards for marine pollution from ships on such matters as may be prescribed by regulation.

(2) A technical standard shall have the force of law.”.

Amendment of section 3 of Act 2 of 1986, as amended by section 3 of Act 66 of 1996 5

3. Section 3 of the principal Act, is hereby amended—

(a) by the deletion of paragraph (e) of subsection (1) and the word “and” immediately preceding the said paragraph; and

(b) by the addition in subsection (1) of the following paragraphs:

“(e) relating to the prevention of air pollution from ships; 10

(f) relating to the prevention of pollution by sewage from ships;

(g) relating to the removal of endocrine disrupting substances from sewage streams before it is treated and released;

(h) relating to the permitted types of emission abatement equipment;

(i) relating to the requirements for the disposal of waste generated by the mitigation equipment; 15

(j) relating to accredited laboratories eligible to test the fuel samples and the costs;

(k) relating to the designation of Emission Control Areas (ECA);

(l) relating to the enforcement of protective measures in particularly sensitive sea areas and other special areas; and 20

(m) on generally any other ancillary or incidental administrative or procedural matters that are necessary for the proper implementation or administration of this Act.”.

Amendment of section 3A of Act 2 of 1986, as amended by section 2 of Act 5 of 1998 25

4. Section 3A of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) Any person convicted of an offence under subsection (1) shall be liable to a fine not exceeding [R500 000] R10 million, or to imprisonment for a period not exceeding [five years] 10 years or to such fine as well as such imprisonment.”. 30

Insertion of section 3B in Act 2 of 1986

5. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 3A:

“Powers of Minister

3B. The Minister may—

(a) appoint an advisory committee to advise him or her in regard to any particular matter dealt with by this Act; 35

(b) conclude a co-operative agreement with other states;

(c) delegate or assign a duty to any official of the Department in regard to any matter dealt with by this Act, with the exception of the power to make regulations and the powers contemplated in paragraphs (a) and 40

(b) of this section.”.

Amendment of Schedule to Act 2 of 1986

6. The Schedule to the principal Act is hereby amended by the addition of Annex IV and Annex VI, respectively, as provided in the Schedule to this Act.

Tegniese standaard vir Maritieme Vervoer

2B. (1) Die Owerheid kan tegniese standaard vir mariene besoedeling van skepe uitreik op sodanige aangeleenthede soos by regulasie voorgeskryf kan word.

(2) 'n Tegniese standaard het regsrag.' 5

Wysiging van artikel 3 van Wet 2 van 1986, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 66 van 1996

3. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (e) in subartikel (1) en die woord "en" wat die vermelde paragraaf voorafgaan, te skrap; en 10

(b) deur die volgende paragrawe by subartikel (1) te voeg:

“(e) met betrekking tot die voorkoming van lugbesoedeling vanaf skepe;

(f) met betrekking tot die voorkoming van besoedeling deur riool vanaf skepe;

(g) met betrekking tot die verwydering uit riool van stowwe wat die endokriene stelsel ontwig, voordat dit behandel en afgevoer word; 15

(h) met betrekking tot die toegelate tipes emissieverminderingstoerusting;

(i) met betrekking tot die vereistes vir wegdoening van afval wat deur die versagtingstoerusting gegeneer is; 20

(j) met betrekking tot geakkrediteerde laboratoriums wat kwalifiseer om die brandstofmonsters te toets en die kostes;

(k) met betrekking tot die aanwysing van emissiebeheergebiede (EBG);

(l) met betrekking tot die afdwinging van beskermingsmaatreëls in besonder sensitiewe seegebiede en ander spesiale gebiede; en 25

(m) oor in die algemeen enige ander aanvullende of insidetele administratiewe of prosedurele aangeleenthede wat nodig is vir die behoorlike inwerkingstelling of administrasie van hierdie Wet.”

Wysiging van artikel 3A van Wet 2 van 1986, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 5 van 1998 30

4. Artikel 3A van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Iemand wat ingevolge subartikel (1) aan 'n misdryf skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens [R500 000] R10 miljoen, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens [vyf jaar] 10 jaar, of met so 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf.” 35

Invoeging van artikel 3B in Wet 3 van 1986

5. Die volgende artikel word hierby na artikel 3A in die Hoofwet ingevoeg:

“**Bevoegdhede van Minister** 40

3B. Die Minister kan—

(a) 'n advieskomitee aanstel om hom of haar van raad te bedien oor enige bepaalde aangeleentheid waaroor hierdie Wet handel;

(b) 'n samewerkingsooreenkoms met ander state sluit;

(c) 'n plig aan enige beampte van die Departement deleger of toewys met betrekking tot enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet hanteer word, met die uitsondering van die bevoegdheid om regulasies te maak en die bevoegdhede in paragrafe (a) en (b) van hierdie artikel beoog.” 45

Wysiging van Bylae by Wet 2 van 1986 50

6. Die Bylae by die Hoofwet word hierby gewysig deur Aanhangsel IV en Aanhangsel VI, onderskeidelik, by te voeg, soos in die Bylae by hierdie Wet uiteengesit.

Short title and commencement

7. This Act shall be called the Marine Pollution (Prevention of Pollution from Ships) Amendment Act, 2024, and shall come into effect on the date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

Kort titel en inwerkingtreding

7. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Mariene Besoedeling (Voorkoming van Besoedeling deur Skepe), 2024, en tree in werking op die datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.

Schedule**Annex IV****Regulations for the prevention of pollution by sewage from ships (regs 1–18)****CHAPTER 1****GENERAL****Regulation 1***Definitions***For the purposes of this Annex:**

1. *New ship* means a ship—
 - (a) for which the building contract is placed, or in the absence of a building contract, the keel of which is laid, or which is at a similar stage of construction, on or after the date of entry into force of this Annex; or
 - (b) the delivery of which is three years or more after the date of entry into force of this Annex.
2. *Existing ship* means a ship which is not a new ship.
3. *Sewage* means—
 - (a) drainage and other wastes from any form of toilets and urinals;
 - (b) drainage from medical premises (dispensary, sick bay, etc.) via wash basins, wash tubs and scuppers located in such premises;
 - (c) drainage from spaces containing living animals; or
 - (d) other waste waters when mixed with the drainages defined above.
4. *Holding tank* means a tank used for the collection and storage of sewage.
5. *Nearest land*. The term “from the nearest land” means from the baseline from which the territorial sea of the territory in question is established in accordance with international law except that, for the purposes of the present Convention, “from the nearest land” off the north-eastern coast of Australia shall mean from a line drawn from a point on the coast of Australia in:
 - latitude 11°00’S, longitude 142°08’E to a point in latitude 10°35’S, longitude 141°55’E, thence to a point latitude 10°00’S, longitude 142°00’E, thence to a point latitude 09°10’S, longitude 143°52’E, thence to a point latitude 09°00’S, longitude 144°30’E, thence to a point latitude 10°41’S, longitude 145°00’E, thence to a point latitude 13°00’S, longitude 145°00’E, thence to a point latitude 15°00’S, longitude 146°00’E, thence to a point latitude 17°30’S, longitude 147°00’E, thence to a point latitude 21°00’S, longitude 152°55’E, thence to a point latitude 24°30’S, longitude 154°00’E, thence to a point on the coast of Australia in latitude 24°42’S, longitude 153°15’E.
6. *Special area* means a sea area where for recognized technical reasons in relation to its oceanographical and ecological condition and to the particular character of its traffic the adoption of special mandatory methods for the prevention of sea pollution by sewage is required. The special areas are—
 - (a) the Baltic Sea area as defined in regulation 1.11.2 of Annex I; and
 - (b) any other sea area designated by the Organization in accordance with criteria and procedures for designation of special areas with respect to prevention of pollution by sewage from ships.
7. *International voyage* means a voyage from a country to which the present Convention applies to a port outside such country, or conversely.
8. *Person* means member of the crew and passengers.

Bylae**Aanhangsel IV****Regulasies ter voorkoming van besoedeling deur riool vanaf skepe (regs 1–18)****HOOFSTUK 1****ALGEMEEN****Regulasie 1***Woordomskrywings***By die toepassing van hierdie Aanhangsel, beteken:**

1. *Nuwe skip* 'n skip—
 - (a) waarvoor die boukontrak geplaas is, of in die afwesigheid van 'n boukontrak, waarvan die kiel gelê is, of wat in 'n soortgelyke stadium van konstruksie is, op of na die datum van inwerkingtreding van hierdie Aanhangsel; of
 - (b) waarvan die lewering drie of meer jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Aanhangsel is.
2. *Bestaande skip* 'n skip wat nie 'n nuwe skip is nie.
3. *Riool*—
 - (a) dreinerings en ander uitskot van enige vorm van toilette en urinale;
 - (b) dreinerings vanaf mediese persele (apteek, siekeboeg, ens.) via wasbakke, wasbalies en spoelbakke wat in sodanige perseel geleë is;
 - (c) dreinerings vanaf spasies wat lewendende diere hou; of
 - (d) ander afvalwater wanneer dit gemeng is met die dreinerings hierbo omskryf.
4. *Riooltenk* 'n tenk wat gebruik word vir die versameling en berging van riool.
5. *Naaste land*. Die term “van die naaste land” beteken vanaf die basislyn waarvandaan die territoriale see van die betrokke gebied volgens volkereg gevestig is, behalwe dat, vir die doeleindes van hierdie Konvensie, “van die naaste land” aan die noordoostelike kus van Australië beteken vanaf 'n lyn wat getrek word vanaf 'n punt aan die kus van Australië in:
 - breedtegraad 11°00'S, lengtegraad 142°08'O tot 'n punt in breedtegraad 10°35'S, lengtegraad 141°55'O, vandaar na 'n breedtegraad 10°00'S, lengtegraad 142°00'O, vandaar na 'n punt breedtegraad 09°10'S, lengtegraad 143°52'O, vandaar na 'n punt breedtegraad 09°00'S, lengtegraad 144°30'O, vandaar na 'n breedtegraad 10°41'S, lengtegraad 145°00'O, vandaar na 'n punt breedtegraad 13°00'S, lengtegraad 145°00'O, vandaar na 'n punt breedtegraad 15°00'S, lengtegraad 146°00'O, vandaar na 'n punt breedtegraad 17°30'S, lengtegraad 147°00'O, vandaar tot by 'n breedtegraad 21°00'S, lengtegraad 152°55'O, vandaar tot by 'n breedtegraad 24°30'S, lengtegraad 154°00'O, vandaar tot by 'n punt aan die kus van Australië in breedtegraad 24°42'S, lengtegraad 153°15'O.
6. *Spesiale gebied* 'n seegebied waar om erkende tegniese redes in verband met sy oseanografiese en ekologiese toestand en tot die besondere karakter van sy verkeer die aanvaarding van spesiale verpligte metodes vir die voorkoming van seebesoedeling deur riool vereis. Die spesiale gebiede is—
 - (a) die Oosseegebied soos in regulasie 1.11.2 van Aanhangsel I omskryf; en
 - (b) enige ander seegebied deur die Organisasie aangewys ooreenkomstig die maatstawwe en prosedures vir aanwysing van spesiale gebiede ten opsigte van die voorkoming van besoedeling deur riool vanaf skepe.
7. *Internasionale vaart* 'n vaart vanaf 'n land waarop die huidige Konvensie van toepassing is na 'n hawe buite daardie land, of andersom.
8. *Persoon* 'n lid van die bemanning en passasiers.

9. A *passenger* means every person other than—
 - (a) the master and the members of the crew or other persons employed or engaged in any capacity on board a ship on the business of that ship; and
 - (b) a child under one year of age.
10. A *passenger ship* means a ship which carries more than twelve passengers. For the application of regulation 11.3, a *new passenger ship* is a passenger ship:
 - (a) for which the building contract is placed, or in the absence of a building contract, the keel of which is laid, or which is in a similar stage of construction, on or after 1 June 2019; or
 - (b) the delivery of which is on or after 1 June 2021.
11. An *existing passenger ship* is a passenger ship which is not a new passenger ship.
12. *Anniversary date* means the day and the month of each year which will correspond to the date of expiry of the International Sewage Pollution Prevention Certificate.
13. *Audit* means a systematic, independent and documented process for obtaining audit evidence and evaluating it objectively to determine the extent to which audit criteria are fulfilled.
14. *Audit Scheme* means the IMO Member State Audit Scheme established by the Organization and taking into account the guidelines developed by the Organization.
15. *Code for Implementation* means the IMO Instruments Implementation Code (III Code) adopted by the Organization by resolution A.1070(28).
16. *Audit Standard* means the Code for Implementation.

Regulation 2

Application

1. The provisions of this Annex shall apply to the following ships engaged in international voyages:
 - (a) new ships of 400 gross tonnage and above; and
 - (b) new ships of less than 400 gross tonnage which are certified to carry more than 15 persons; and
 - (c) existing ships of 400 gross tonnage and above, five years after the date of entry into force of this Annex; and
 - (d) existing ships of less than 400 gross tonnage which are certified to carry more than 15 persons, five years after the date of entry into force of this Annex.
2. The Administration shall ensure that existing ships, according to subparagraphs 1.3 and 1.4 of this regulation, the keels of which are laid or which are of a similar stage of construction before 2 October 1983 shall be equipped, as far as practicable, to discharge sewage in accordance with the requirements of regulation 11 of the Annex.

Regulation 3

Exceptions

1. Regulation 11 of this Annex and section 4.2 of chapter 4 of part II-A of the Polar Code shall not apply to:
 - (a) the discharge of sewage from a ship necessary for the purpose of securing the safety of a ship and those on board or saving life at sea; or
 - (b) the discharge of sewage resulting from damage to a ship or its equipment if all reasonable precautions have been taken before and after the occurrence of the damage, for the purpose of preventing or minimizing the discharge.

9. 'n *Passasier* elke persoon behalwe—
 - (a) die meester en die lede van die bemanning of ander persone wat in enige hoedanigheid aan boord van 'n skip in diens of gehuur is vir die sake van daardie skip; en
 - (b) 'n kind onder die ouderdom van een jaar.
10. 'n *Passasierskip* 'n skip wat meer as twaalf passasiers vervoer. Vir die toepassing van regulasie 11.3 is 'n nuwe passasierskip 'n passasierskip:
 - (a) waarvoor die boukontrak geplaas is, of in die afwesigheid van 'n boukontrak, waarvan die kiel gelê is, of wat in 'n soortgelyke stadium van konstruksie is, op of na 1 Junie 2019; of
 - (b) waarvan die aflewering op of na 1 Junie 2021 is.
11. 'n *Bestaande passasierskip* is 'n passasierskip wat nie 'n nuwe passasierskip is nie.
12. *Jaardatum* die dag en die maand van elke jaar wat ooreenstem met die vervaldatum van die Internasionale Rioolbesoedelingsvoorkomingsertifikaat.
13. *Oudit* 'n sistematiese, onafhanklike en gedokumenteerde proses vir die verkryging van ouditbewyse en die objektiewe evaluering daarvan om die omvang te bepaal waaraan aan ouditmaatstawwe voldoen is.
14. *Ouditskema* die IMO Lidstaatouditskema wat deur die Organisasie gestig is en wat die riglyne wat deur die Organisasie ontwikkel is, in ag neem.
15. *Kode vir Inwerkingstelling* die “IMO Instruments Implementation Code (III Code)” wat deur die Organisasie aangeneem is deur resolusie A.1070(28).
16. *Ouditstandaard* die Kode vir Inwerkingstelling.

Regulasie 2

Toepassing

1. Die bepalings van hierdie Aanhangsel is van toepassing op die volgende skepe wat op internasionale vaarte is:
 - (a) nuwe skepe van 400 bruto tonnemaat en meer; en
 - (b) nuwe skepe van minder as 400 bruto tonnemaat wat gesertifiseer is om meer as 15 persone te vervoer; en
 - (c) bestaande skepe van 400 bruto tonnemaat en meer, vyf jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Aanhangsel; en
 - (d) bestaande skepe van minder as 400 bruto tonnemaat wat gesertifiseer is om meer as 15 persone te vervoer, vyf jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Aanhangsel.
2. Die Administrasie moet verseker dat bestaande skepe, volgens subparagrafe 1.3 en 1.4 van hierdie regulasie, waarvan die kiele gelê is of wat op 'n soortgelyke stadium van konstruksie is voor 2 Oktober 1983, sover moontlik toegerus moet word, om riool vry te stel ooreenkomstig die vereistes van regulasie 11 van die Aanhangsel.

Regulasie 3

Uitsonderings

1. Regulasie 11 van hierdie Aanhangsel en artikel 4.2 van hoofstuk 4 van deel II-A van die Poolkode is nie van toepassing nie op:
 - (a) die afvoer van riool vanaf 'n skip wat nodig is om die veiligheid van 'n skip en diegene wat aan boord is, te verseker of om 'n lewe op see te red; of
 - (b) die afvoer van riool as gevolg van skade aan 'n skip of die toerusting daarvan indien alle redelike voorsorgmaatreëls in plek was voor en na die voorkoms van die skade, vir die doel van voorkoming of minimalisering van die afvoer.

Chapter 2**Surveys and certification****Regulation 4***Surveys*

1. Every ship which, in accordance with regulation 2, is required to comply with the provisions of this Annex shall be subject to the surveys specified below:
 - (a) An initial survey before the ship is put in service or before the Certificate required under regulation 5 of this Annex is issued for the first time, which shall include a complete survey of its structure, equipment, systems, fittings, arrangements and material in so far as the ship is covered by this Annex. This survey shall be such as to ensure that the structure, equipment, systems, fittings, arrangements and materials fully comply with the applicable requirements of this Annex.
 - (b) A renewal survey at intervals specified by the Administration, but not exceeding five years, except where regulation 8.2, 8.5, 8.6 or 8.7 of this Annex is applicable. The renewal survey shall be such as to ensure that the structure, equipment, systems, fittings, arrangements and materials fully comply with applicable requirements of this Annex.
 - (c) An additional survey, either general or partial, according to the circumstances, shall be made after a repair resulting from investigations prescribed in paragraph 9 of this regulation, or whenever any important repairs or renewals are made. The survey shall be such as to ensure that the necessary repairs or renewals have been effectively made, that the material and workmanship of such repairs or renewals are in all respects satisfactory and that the ship complies in all respects with the requirements of this Annex.
2. The Administration shall establish appropriate measures for ships which are not subject to the provisions of paragraph 1 of this regulation in order to ensure that the applicable provisions of this Annex are complied with.
3. Surveys of ships as regards the enforcement of the provisions of this Annex shall be carried out by officers of the Administration. The Administration may, however, entrust the surveys either to surveyors nominated for the purpose or to organizations recognized by it.
4. An Administration nominating surveyors or recognizing organizations to conduct surveys as set forth in paragraph 3 of this regulation shall, as a minimum, empower any nominated surveyor or recognized organization to:
 - (a) require repairs to a ship; and
 - (b) carry out surveys if requested by the appropriate authorities of a Port State.
5. The Administration shall notify the Organization of the specific responsibilities and conditions of the authority delegated to the nominated surveyors or recognized organizations, for circulation to Parties to the present Convention for the information of their officers.
6. When a nominated surveyor or recognized organization determines that the condition of the ship or its equipment does not correspond substantially with the particulars of the Certificate or is such that the ship is not fit to proceed to sea without presenting an unreasonable threat of harm to the marine environment, such surveyor or organization shall immediately ensure that corrective action is taken and shall in due course notify the Administration. If such corrective action is not taken, the Certificate should be withdrawn and the Administration shall be notified immediately and if the ship is in a port of another Party, the appropriate authorities of the Port State shall also be notified immediately. When an officer of the Administration, a nominated surveyor or recognized organization has notified the appropriate authorities of the Port State, the Government of the Port State

Hoofstuk 2

Opnames en sertifisering

Regulasie 4

Opnames

1. Elke skip wat, ooreenkomstig regulasie 2, aan die bepalings van hierdie Aanhangsel moet voldoen, sal onderworpe wees aan die opnames hieronder gespesifiseer:
 - (a) 'n Aanvanklike opname voordat die skip in diens geneem word of voordat die Sertifikaat wat kragtens regulasie 5 van hierdie Aanhangsel vereis word, vir die eerste keer uitgereik word, wat 'n volledige opname van sy struktuur, toerusting, stelsels, toebehore, reëlins en materiaal sal insluit in soverre die skip deur hierdie Aanhangsel gedek word. Hierdie opname moet van so 'n aard wees dat dit verseker dat die struktuur, toerusting, stelsels, toebehore, reëlins en materiale ten volle aan die toepaslike vereistes van hierdie Aanhangsel voldoen.
 - (b) 'n Hernuwingsopname met tussenposes wat deur die Administrasie gespesifiseer is, maar wat nie langer as vyf jaar is nie, behalwe waar regulasie 8.2, 8.5, 8.6 of 8.7 van hierdie Aanhangsel van toepassing is. Die hernuwingsopname moet van so 'n aard wees dat dit verseker dat die struktuur, toerusting, stelsels, toebehore, reëlins en materiale ten volle aan die toepaslike vereistes van hierdie Aanhangsel voldoen.
 - (c) 'n Bykomende opname, hetsy algemeen of gedeeltelik, volgens die omstandighede, moet gemaak word na 'n herstel wat voortspruit uit ondersoeke voorgeskryf in paragraaf 9 van hierdie regulasie, of wanneer enige belangrike herstelwerk of hernuwings gemaak word. Die opname moet van so 'n aard wees dat dit verseker dat die nodige herstelwerk of hernuwings doeltreffend gemaak is, dat die materiaal en vakmanskap van sodanige herstelwerk of hernuwings in alle opsigte bevredigend is en dat die skip in alle opsigte aan die vereistes van hierdie Aanhangsel voldoen.
2. Die Administrasie moet toepaslike maatreëls instel vir skepe wat nie aan die bepalings van paragraaf 1 van hierdie regulasie onderworpe is nie, ten einde te verseker dat die toepaslike bepalings van hierdie Aanhangsel nagekom word.
3. Opnames van skepe met betrekking tot die afdwinging van die bepalings van hierdie Aanhangsel, moet deur beamptes van die Administrasie uitgevoer word. Die Administrasie kan die opnames egter toevertrou aan opnemers wat vir die doel genomineer is of aan organisasies wat deur die Administrasie erken word.
4. 'n Administrasie wat skeepsinspekteurs of erkende organisasies benoem om opnames uit te voer soos in paragraaf 3 van hierdie regulasie uiteengesit, moet, ten minste, enige genomineerde opnemer of erkende organisasie bemagtig om:
 - (a) herstelwerk aan 'n skip te vereis; en
 - (b) opnames uit te voer indien dit deur die toepaslike owerhede van 'n hawestaat aangevra word.
5. Die Administrasie moet die Organisasie in kennis stel van die spesifieke verantwoordelikhede en voorwaardes van die gesag wat aan die genomineerde skeepsinspekteurs of erkende organisasies toegewys is, vir sirkulasie aan Partye tot die huidige Konvensie ter inligting van hulle offisiere.
6. Wanneer 'n genomineerde opnemer of erkende organisasie bepaal dat die toestand van die skip of toerusting daarvan nie wesenlik ooreenstem met die besonderhede van die Sertifikaat nie of so is dat die skip nie geskik is om op see te gaan sonder om 'n onredelike bedreiging van skade aan die mariene omgewing in te hou nie, moet sodanige opnemer of organisasie onmiddellik verseker dat regstellende stappe gedoen word en moet die Administrasie ter geleger tyd in kennis stel. Indien sodanige regstellende stappe nie gedoen word nie, moet die Sertifikaat teruggetrek word en die Administrasie moet onmiddellik in kennis gestel word en indien die skip in 'n hawe van 'n ander Party is, sal die toepaslike owerhede van die hawestaat ook onmiddellik in kennis gestel word. Wanneer 'n beampte van die Administrasie, 'n genomineerde opnemer of erkende organisasie die toepaslike

concerned shall give such officer, surveyor or organization any necessary assistance to carry out their obligations under this regulation. When applicable, the Government of the Port State concerned shall take such steps as will ensure that the ship shall not sail until it can proceed to sea or leave the port for the purpose of proceeding to the nearest appropriate repair yard available without presenting an unreasonable threat of harm to the marine environment.

7. In every case, the Administration concerned shall fully guarantee the completeness and efficiency of the survey and shall undertake to ensure the necessary arrangements to satisfy this obligation.
8. The condition of the ship and its equipment shall be maintained to conform with the provisions of the present Convention to ensure that the ship in all respects will remain fit to proceed to sea without presenting an unreasonable threat of harm to the marine environment.
9. After any survey of the ship under paragraph 1 of this regulation has been completed, no change shall be made in the structure, equipment, systems, fittings, arrangements or materials covered by the survey, without the sanction of the Administration, except the direct replacement of such equipment and fittings.
10. Whenever an accident occurs to a ship or a defect is discovered which substantially affects the integrity of the ship or the efficiency or completeness of its equipment covered by this Annex, the master or owner of the ship shall report at the earliest opportunity to the Administration, the recognized organization or the nominated surveyor responsible for issuing the relevant Certificate, who shall cause investigations to be initiated to determine whether a survey as required by paragraph 1 of this regulation is necessary. If the ship is in a port of another Party, the master or owner shall also report immediately to the appropriate authorities of the Port State and the nominated surveyor or recognized organization shall ascertain that such report has been made.

Regulation 5

Issue or endorsement of Certificate

1. An International Sewage Pollution Prevention Certificate shall be issued, after an initial or renewal survey in accordance with the provisions of regulation 4 of this Annex, to any ship which is engaged in voyages to ports or offshore terminals under the jurisdiction of other Parties to the Convention. In the case of existing ships this requirement shall apply five years after the date of entry into force of this Annex.
2. Such Certificate shall be issued or endorsed either by the Administration or by any persons or organization* duly authorized by it. In every case, the Administration assumes full responsibility for the Certificate.

Regulation 6

Issue or endorsement of a Certificate by another Government

1. The Government of a Party to the Convention may, at the request of the Administration, cause a ship to be surveyed and, if satisfied that the provisions of this Annex are complied with, shall issue or authorize the issue of an International Sewage Pollution Prevention Certificate to the ship, and where appropriate, endorse or authorize the endorsement of that Certificate on the ship in accordance with this Annex.
2. A copy of the Certificate and a copy of the survey report shall be transmitted as soon as possible to the Administration requesting the survey.
3. A Certificate so issued shall contain a statement to the effect that it has been issued

owerhede van die hawestaat in kennis gestel het, moet die regering van die betrokke hawestaat sodanige beampte, opnemer of organisasie enige nodige bystand verleen om hul verpligtinge kragtens hierdie regulasie na te kom. Wanneer van toepassing, moet die regering van die betrokke hawestaat die stappe doen wat sal verseker dat die skip nie sal vaar totdat dit na die see kan voortgaan of die hawe kan verlaat met die doel om na die naaste toepaslike herstelwerf wat beskikbaar is, te gaan sonder om 'n onredelike bedreiging vir skade aan die mariene omgewing in te hou nie.

7. In elke geval, moet die betrokke Administrasie die volledigheid en doeltreffendheid van die opname ten volle waarborg en moet onderneem om die nodige reëlins te tref om hierdie verpligting na te kom.
8. Die toestand van die skip en die toerusting daarvan moet onderhou word om te voldoen aan die bepalings van hierdie Konvensie om te verseker dat die skip in alle opsigte geskik sal bly om op see te gaan sonder om 'n onredelike bedreiging van skade aan die mariene omgewing in te hou.
9. Nadat enige opname van die skip kragtens paragraaf 1 van hierdie regulasie voltooi is, mag geen verandering aangebring word aan die struktuur, toerusting, stelsels, toebehore, reëlins of materiaal wat deur die opname gedek word nie, sonder die goedkeuring van die Administrasie, behalwe die direkte vervanging van sodanige toerusting en toebehore.
10. Wanneer 'n skip in 'n ongeluk is of 'n gebrek ontdek word wat die integriteit van die skip of die doeltreffendheid of volledigheid van die skip se toerusting wat deur hierdie Aanhangsel gedek word, wesenlik aantast, moet die meester of eienaar van die skip dit so gou moontlik aan die Administrasie, die erkende organisasie of die benoemde opnemer verantwoordelik vir die uitreiking van die betrokke Sertifikaat, rapporteer, wat ondersoek moet laat begin om te bepaal of 'n opname soos deur paragraaf 1 van hierdie regulasie vereis, nodig is. Indien die skip in 'n hawe van 'n ander Party is, moet die meester of eienaar ook onmiddellik aan die toepaslike owerhede van die hawestaat rapporteer en die genomineerde opnemer of erkende organisasie moet seker maak dat sodanige verslag gedoen is.

Regulasie 5

Uitreiking of endossering van Sertifikaat

1. 'n Internasionale Rioolbesoedelingsvoorkomingsertifikaat moet uitgereik word, na 'n aanvanklike of hernuwingsopname ooreenkomstig die bepalings van regulasie 4 van hierdie Aanhangsel, aan enige skip wat besig is met vaarte na hawens of buitelandse terminale onder die jurisdiksie van ander Partye tot die Konvensie. In die geval van bestaande skepe word hierdie vereiste vyf jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Aanhangsel van toepassing.
2. Sodanige Sertifikaat sal uitgereik of geëndosseer word óf deur die Administrasie óf deur enige persone of organisasie* wat behoorlik deur die Administrasie gemagtig is. In elke geval aanvaar die Administrasie volle verantwoordelikheid vir die Sertifikaat.

Regulasie 6

Uitreiking of endossering van 'n Sertifikaat deur 'n ander Regering

1. Die Regering van 'n Party tot die Konvensie kan, op versoek van die Administrasie, 'n skip laat opmeet en, indien tevrede dat die bepalings van hierdie Aanhangsel nagekom word, 'n Internasionale Rioolbesoedelingsvoorkomingsertifikaat aan die skip uitreik of die uitreiking daarvan magtig, en waar toepaslik, die bekragtiging van daardie Sertifikaat op die skip ooreenkomstig hierdie Aanhangsel endosseer of magtig.
2. 'n Afskrif van die Sertifikaat en 'n afskrif van die opnameverslag moet so gou moontlik aan die Administrasie wat die opname aanvra, gestuur word.
3. 'n Sertifikaat wat aldus uitgereik is, moet 'n verklaring bevat te dien effekte dat dit op versoek van die Administrasie uitgereik is en dit sal dieselfde krag hê en

at the request of the Administration and it shall have the same force and receive the same recognition as the Certificate issued under regulation 5 of this Annex.

4. No International Sewage Pollution Prevention Certificate shall be issued to a ship which is entitled to fly the flag of a State which is not a Party.

Regulation 7

Form of Certificate

1. The International Sewage Pollution Prevention Certificate shall be drawn up in the form corresponding to the model given in the appendix to this Annex and shall be at least in English, French or Spanish. If an official language of the issuing country is also used, this shall prevail in case of a dispute or discrepancy.

Regulation 8

Duration and validity of Certificate

1. An International Sewage Pollution Prevention Certificate shall be issued for a period specified by the Administration which shall not exceed five years.
2. Notwithstanding the requirements of paragraph 1 of this regulation, when the renewal survey is completed within three months before the expiry date of the existing Certificate, the new Certificate shall be valid from the date of completion of the renewal survey to a date not exceeding five years from the date of expiry of the existing Certificate.
3. When the renewal survey is completed after the expiry date of the existing Certificate, the new Certificate shall be valid from the date of completion of the renewal survey to a date not exceeding five years from the date of expiry of the existing Certificate.
4. When the renewal survey is completed more than three months before the expiry date of the existing Certificate, the new Certificate shall be valid from the date of completion of the renewal survey to a date not exceeding five years from the date of completion of the renewal survey.
5. If a Certificate is issued for a period of less than five years, the Administration may extend the validity of the Certificate beyond the expiry date to the maximum period specified in paragraph 1 of this regulation.
6. If a renewal survey has been completed and a new Certificate cannot be issued or placed on board the ship before the expiry date of the existing Certificate, the person or organization authorized by the Administration may endorse the existing Certificate and such a Certificate shall be accepted as valid for a further period which shall not exceed five months from the expiry date.
7. If a ship at the time when a Certificate expires is not in a port in which it is to be surveyed, the Administration may extend the period of validity of the Certificate but this extension shall be granted only for the purpose of allowing the ship to complete its voyage to the port in which it is to be surveyed and then only in cases where it appears proper and reasonable to do so. No Certificate shall be extended for a period longer than three months, and a ship to which an extension is granted shall not, on its arrival in the port in which it is to be surveyed, be entitled by virtue of such extension to leave that port without having a new Certificate. When the renewal survey is completed, the new Certificate shall be valid to a date not exceeding five years from the date of expiry of the existing Certificate before the extension was granted.
8. A Certificate issued to a ship engaged on short voyages which has not been extended under the fore-going provisions of this regulation may be extended by the Administration for a period of grace of up to one month from the date of expiry stated on it. When the renewal survey is completed, the new Certificate shall be

dieselfde erkenning ontvang as die Sertifikaat wat kragtens regulasie 5 van hierdie Aanhangsel uitgereik is.

4. Geen Internasionale Rioolbesoedelingsvoorkomingsertifikaat sal uitgereik word aan 'n skip wat geregtig is om die vlag te hys van 'n Staat wat nie 'n Party is nie.

Regulasie 7

Vorm van Sertifikaat

1. Die Internasionale Rioolbesoedelingsvoorkomingsertifikaat moet opgestel word in die vorm wat ooreenstem met die model gegee in die bylae van hierdie Aanhangsel en moet ten minste in Engels, Frans of Spaans wees. Indien 'n amptelike taal van die land van uitreiking ook gebruik word, sal dit geld in die geval van 'n geskil of teenstrydigheid.

Regulasie 8

Duur en geldigheid van Sertifikaat

1. 'n Internasionale Rioolbesoedelingsvoorkomingsertifikaat word uitgereik vir 'n tydperk wat deur die Administrasie gespesifiseer word, wat nie vyf jaar mag oorskry nie.
2. Nieteenstaande die vereistes van paragraaf 1 van hierdie regulasie, wanneer die hernuwingsopname binne drie maande voor die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat voltooi word, sal die nuwe Sertifikaat geldig wees vanaf die datum van voltooiing van die hernuwingsopname tot 'n datum van hoogstens vyf jaar vanaf die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat.
3. Wanneer die hernuwingsopname na die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat voltooi word, sal die nuwe Sertifikaat geldig wees vanaf die datum van voltooiing van die hernuwingsopname tot 'n datum van hoogstens vyf jaar vanaf die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat.
4. Wanneer die hernuwingsopname meer as drie maande voor die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat voltooi word, is die nuwe Sertifikaat geldig vanaf die datum van voltooiing van die hernuwingsopname tot 'n datum van hoogstens vyf jaar vanaf die datum van voltooiing van die hernuwingsopname.
5. Indien 'n Sertifikaat vir 'n tydperk van minder as vyf jaar uitgereik word, kan die Administrasie die geldigheid van die Sertifikaat na die vervaldatum verleng tot die maksimum tydperk gespesifiseer in paragraaf 1 van hierdie regulasie.
6. Indien 'n hernuwingsopname voltooi is en 'n nuwe Sertifikaat nie uitgereik of aan boord van die skip geplaas kan word voor die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat nie, kan die persoon of organisasie wat deur die Administrasie gemagtig is, die bestaande Sertifikaat endosseer en so 'n Sertifikaat moet aanvaar word as geldig vir 'n verdere tydperk van hoogstens vyf maande sedert die vervaldatum.
7. Indien 'n skip op die tydstip wanneer 'n Sertifikaat verval nie in 'n hawe is waarin dit opgemeet gaan word nie, kan die Administrasie die geldigheidstydperk van die Sertifikaat verleng, maar hierdie verlenging moet slegs toegestaan word met die doel om die skip toe te laat om sy vaart na die hawe te voltooi waarin dit opgemeet gaan word en dan slegs in gevalle waar dit behoorlik en redelik blyk om dit te doen. Geen Sertifikaat sal vir 'n tydperk langer as drie maande verleng word nie, en 'n skip waaraan 'n verlenging toegestaan word, sal nie, by sy aankoms in die hawe waarin dit opgemeet gaan word, op grond van sodanige verlenging geregtig wees om daardie hawe sonder 'n nuwe sertifikaat te verlaat nie. Wanneer die hernuwingsopname voltooi is, sal die nuwe Sertifikaat geldig wees tot 'n datum van hoogstens vyf jaar vanaf die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat voordat die verlenging toegestaan is.
8. 'n Sertifikaat wat uitgereik is aan 'n skip wat op kort vaarte besig is en wat nie verleng is kragtens die voorgaande bepalinge van hierdie regulasie nie, kan deur die Administrasie verleng word vir 'n grasietydperk van tot een maand vanaf die vervaldatum daarop vermeld. Wanneer die hernuwingsopname voltooi is, sal die

valid to a date not exceeding five years from the date of expiry of the existing Certificate before the extension was granted.

9. In special circumstances, as determined by the Administration, a new Certificate need not be dated from the date of expiry of the existing Certificate as required by paragraph 2.2, 5 or 6 of this regulation. In these special circumstances, the new Certificate shall be valid to a date not exceeding five years from the date of completion of the renewal survey.
10. A Certificate issued under regulation 5 or 6 of this Annex shall cease to be valid in any of the following cases—
 - (a) if the relevant surveys are not completed within the periods specified under regulation 4.1 of this Annex; or
 - (b) upon transfer of the ship to the flag of another State. A new Certificate shall only be issued when the Government issuing the new Certificate is fully satisfied that the ship is in compliance with the requirements of regulations 4.7 and 4.8 of this Annex. In the case of a transfer between Parties, if requested within 3 months after the transfer has taken place, the Government of the Party whose flag the ship was formerly entitled to fly shall, as soon as possible, transmit to the Administration copies of the Certificate carried by the ship before the transfer and, if available, copies of the relevant survey reports.

Chapter 3

Equipment and control of discharge

Regulation 9

Sewage systems

1. Every ship which, in accordance with regulation 2, is required to comply with the provisions of this Annex shall be equipped with one of the following sewage systems:
 - (a) a sewage treatment plant which shall be of a type approved by the Administration, taking into account the standards and test methods developed by the Organization, or
 - (b) a sewage comminuting and disinfecting system approved by the Administration. Such system shall be fitted with facilities to the satisfaction of the Administration, for the temporary storage of sewage when the ship is less than 3 nautical miles from the nearest land, or
 - (c) a holding tank of the capacity to the satisfaction of the Administration for the retention of all sewage, having regard to the operation of the ship, the number of persons on board and other relevant factors. The holding tank shall be constructed to the satisfaction of the Administration and shall have a means to indicate visually the amount of its contents.
2. By derogation from paragraph 1, every passenger ship which, in accordance with regulation 2, is required to comply with the provisions of this Annex, and for which regulation 11.3 applies while in a special area, shall be equipped with one of the following sewage systems:
 - (a) a sewage treatment plant which shall be of a type approved by the Administration, taking into account the standards and test methods developed by the Organization, or
 - (b) a holding tank of the capacity to the satisfaction of the Administration for the retention of all sewage, having regard to the operation of the ship, the number of persons on board and other relevant factors. The holding tank shall be constructed to the satisfaction of the Administration and shall have a means to indicate visually the amount of its contents.

- nuwe Sertifikaat geldig wees tot 'n datum van hoogstens vyf jaar vanaf die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat voordat die verlenging toegestaan is.
9. In spesiale omstandighede, soos deur die Administrasie bepaal, hoef 'n nuwe Sertifikaat nie gedateer te word vanaf die vervaldatum van die bestaande Sertifikaat soos vereis deur paragraaf 2.2, 5 of 6 van hierdie regulasie nie. In hierdie spesiale omstandighede sal die nuwe Sertifikaat geldig wees tot 'n datum van hoogstens vyf jaar vanaf die datum van voltooiing van die hernuwingsopname.
 10. 'n Sertifikaat wat kragtens regulasie 5 of 6 van hierdie Aanhangsel uitgereik is, hou op om geldig te wees in enige van die volgende gevalle—
 - (a) indien die betrokke opnames nie voltooi word binne die tydperke gespesifiseer onder regulasie 4.1 van hierdie Aanhangsel nie; of
 - (b) by oordrag van die skip na die vlag van 'n ander staat. 'n Nuwe sertifikaat word slegs uitgereik wanneer die Regering wat die nuwe Sertifikaat uitreik heeltemal oortuig is dat die skip aan die vereistes van regulasies 4.7 en 4.8 van hierdie Aanhangsel voldoen. In die geval van 'n oordrag tussen partye, indien versoek binne 3 maande nadat die oordrag plaasgevind het, moet die regering van die party wie se vlag die skip voorheen geregtig was om te hys, so gou moontlik afskrifte van die Sertifikaat wat die skip voor die oordrag gedra het, en indien beskikbaar, afskrifte van die tersaaklike opnameverslae aan die Administrasie oordra.

Hoofstuk 3

Toerusting en beheer van afvoer

Regulasie 9

Rioolstelsels

1. Elke skip wat, ooreenkomstig regulasie 2, aan die bepalings van hierdie Aanhangsel moet voldoen, moet toegerus wees met een van die volgende rioolstelsels:
 - (a) 'n rioolsuiweringsaanleg wat van 'n tipe moet wees wat deur die Administrasie goedgekeur is, met inagneming van die standarde en toetsmetodes wat deur die Organisasie ontwikkel is, of
 - (b) 'n rioolopkerwer- en ontsmettingstelsel wat deur die Administrasie goedgekeur is. Sodanige stelsel moet toegerus wees met fasiliteite tot die bevrediging van die Administrasie, vir die tydelike berging van riool wanneer die skip minder as 3 seemyl van die naaste land af is, of
 - (ii) die datum van inwerkingtreding van die huidige Protokol; en
 - (iii) die deponering van enige instrument van opsegging van hierdie Protokol, tesame met die datum waarop dit ontvang is en die datum waarop die opsegging in werking tree; en (b) gewaarmerkte afskrifte van hierdie Protokol aan alle State wat die huidige Protokol onderteken het of daartoe toegetree het, stuur.
- (b) . . .

(3) Sodra hierdie Protokol in werking tree, sal ’n gewaarmerkte ware afskrif daarvan deur die Bewaarder aan die Sekretariaat van die Verenigde Nasies gestuur word vir

be transmitted by the Depository to the Secretariat of the United Nations for registration and publication in accordance with Article 102 of the Charter of the United Nations.

ARTICLE 9

LANGUAGES

9. The present Protocol is established in a single copy in the Arabic, Chinese, English, French, Russian and Spanish languages, each text being equally authentic.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned, being duly authorized by their respective Governments for that purpose, have signed the present Protocol.

DONE at London this twenty-sixth day of September, one thousand nine hundred and ninety seven.

Annex VI

Regulations for the Prevention of Air Pollution from Ships

Chapter 1

General

Regulation 1

Application

1. The provisions of this Annex shall apply to all ships, except where expressly provided otherwise in regulations 3, 5, 6, 13, 15, 16, 18, 19, 20, 21 and 22 of this Annex.

Regulation 2

Definitions

For the purpose of this Annex:

1. *Annex* means Annex VI to the International Convention for the Prevention of Pollution from Ships, 1973 (MARPOL), as modified by the Protocol of 1978 relating thereto (MARPOL 73/78), and as modified by the Protocol of 1997, as amended by the Organization, provided that such amendments are adopted and brought into force in accordance with the provisions of article 16 of the present Convention.
2. *A similar stage of construction* means the stage at which:
 - (a) construction identifiable with a specific ship begins; and
 - (b) assembly of that ship has commenced comprising at least 50 tonnes or one per cent of the estimated mass of all structural material, whichever is less.
3. *Anniversary date* means the day and the month of each year that will correspond to the date of expiry of the International Air Pollution Prevention Certificate.
4. *Auxiliary control device* means a system, function or control strategy installed on a marine diesel engine that is used to protect the engine and/or its ancillary equipment against operating conditions that could result in damage or failure, or that is used to facilitate the starting of the engine. An auxiliary control device may also be a strategy or measure that has been satisfactorily demonstrated not to be a defeat device.
5. *Continuous feeding* is defined as the process whereby waste is fed into a combustion chamber without human assistance while the incinerator is in normal operating conditions with the combustion chamber operative temperature between 850°C and 1,200°C.
6. *Defeat device* means a device that measures, senses or responds to operating variables (e.g., engine speed, temperature, intake pressure or any other parameter) for the purpose of activating, modulating, delaying or deactivating the operation of

registrasie en publikasie in ooreenstemming met Artikel 102 van die Handves van die Verenigde Nasies.

ARTIKEL 9

TALE

9. Die huidige Protokol word in 'n enkele kopie in die Arabiese, Chinese, Engelse, Franse, Russiese en Spaanse tale opgestel, elke teks is ewe oorspronklik.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekende, behoorlik gemagtig deur hul onderskeie regerings vir daardie doel, die huidige Protokol onderteken het.

GEDOEN TE Londen op hierdie ses-en-twintigste dag van September, eenduisend nege honderd sewe-en-negentig.

Aanhangsel VI

Regulasies ter Voorkoming van Lugbesoedeling deur Skepe

Hoofstuk 1

Algemeen

Regulasie 1

Toepassing

1. Die bepalinge van hierdie Aanhangsel is van toepassing op alle skepe, behalwe waar uitdruklik anders bepaal in regulasies 3, 5, 6, 13, 15, 16, 18, 19, 20, 21 en 22 van hierdie Aanhangsel.

Regulasie 2

Woordomskrywings

Vir die doel van hierdie Aanhangsel, beteken:

1. *Aanhangsel*, Aanhangsel VI tot die Internasionale Konvensie vir die Voorkoming van Besoedeling deur Skepe, 1973 (MARPOL), soos gewysig deur die Protokol van 1978 wat daarop betrekking het (MARPOL 73/78), en soos gewysig deur die Protokol van 1997, soos gewysig deur die Organisasie, met dien verstande dat sodanige wysigings aangeneem en in werking gestel word ooreenkomstig die bepalinge van artikel 16 van hierdie Konvensie.
2. *'n Soortgelyke stadium van konstruksie* die stadium waarop:
 - (a) konstruksie wat met 'n spesifieke skip vereenselwig kan word, begin; en
 - (b) die montering van daardie skip begin het, wat ten minste 50 ton of een persent van die geskatte massa van alle strukturele materiaal uitmaak, wat ook al die minste is.
3. *Jaardatum* die dag en die maand van elke jaar wat sal ooreenstem met die vervaldatum van die Internasionale Lugbesoedelingsvoorkomingsertifikaat.
4. *Hulpbeheertoestel* 'n stelsel, funksie of beheerstrategie geïnstalleer op 'n mariene dieselenjin wat gebruik word om die enjin en/of die bykomende toerusting daarvan te beskerm teen bedryfstoelede wat beskadiging of onklaarraking tot gevolg kan hê, of wat gebruik word om die aansakel van die enjin te vergemaklik. 'n Hulpbeheertoestel kan ook 'n strategie of maatreël wees wat bevredigend gedemonstreer is dat dit nie 'n verydelingstoestel is nie.
5. *Deurlopende voer* die proses waardeur afval sonder menslike hulp in 'n verbrandingskamer ingevoer word terwyl die verbrandingsoond in normale bedryfstoelede is, met die verbrandingskamer werkstemperatuur tussen 850°C en 1,200°C.
6. *Verydelingstoestel* 'n toestel wat bedryfsveranderlikes meet, waarneem of daarop reageer (bv. enjin spoed, temperatuur, inlaatdruk of enige ander parameter) met die doel om die werking van enige komponent of die funksie van die

any component or the function of the emission control system such that the effectiveness of the emission control system is reduced under conditions encountered during normal operation, unless the use of such a device is substantially included in the applied emission certification test procedures.

7. *Emission* means any release of substances, subject to control by this Annex, from ships into the atmosphere or sea.
8. *Emission control area* means an area where the adoption of special mandatory measures for emissions from ships is required to prevent, reduce and control air pollution from NO_x or SO_x and particulate matter or all three types of emissions and their attendant adverse impacts on human health and the environment. Emission control areas shall include those listed in, or designated under, regulations 13 and 14 of this Annex.
9. *Fuel oil* means any fuel delivered to and intended for combustion purposes for propulsion or operation on board a ship, including gas, distillate and residual fuels.
10. *Gross tonnage* means the gross tonnage calculated in accordance with the tonnage measurement regulations contained in Annex I to the International Convention on Tonnage Measurements of Ships, 1969, or any successor Convention.
11. *Installations* in relation to regulation 12 of this Annex means the installation of systems, equipment, including portable fire-extinguishing units, insulation, or other material on a ship, but excludes the repair or recharge of previously installed systems, equipment, insulation or other material, or the recharge of portable fire-extinguishing units.
12. *Installed* means a marine diesel engine that is or is intended to be fitted on a ship, including a portable auxiliary marine diesel engine, only if its fuelling, cooling or exhaust system is an integral part of the ship. A fuelling system is considered integral to the ship only if it is permanently affixed to the ship. This definition includes a marine diesel engine that is used to supplement or augment the installed power capacity of the ship and is intended to be an integral part of the ship.
13. *Irrational emission control strategy* means any strategy or measure that, when the ship is operated under normal conditions of use, reduces the effectiveness of an emission control system to a level below that expected on the applicable emission test procedures.
14. *Marine diesel engine* means any reciprocating internal combustion engine operating on liquid or dual fuel, to which regulation 13 of this Annex applies, including booster/compound systems if applied. In addition, a gas fuelled engine installed on a ship constructed on or after 1 March 2016 or a gas fuelled additional or non-identical replacement engine installed on or after that date is also considered as a marine diesel engine.
15. *NO_x Technical Code* means the Technical Code on Control of Emission of Nitrogen Oxides from Marine Diesel Engines adopted by resolution 2 of the 1997 MARPOL Conference, as amended by the Organization, provided that such amendments are adopted and brought into force in accordance with the provisions of article 16 of the present Convention.
16. *Ozone-depleting substances* means controlled substances defined in paragraph (4) of article 1 of the Montreal Protocol on Substances that Deplete the Ozone Layer, 1987, listed in Annexes A, B, C or E to the said Protocol in force at the time of application or interpretation of this Annex. Ozone-depleting substances that may be found on board ship include, but are not limited to:

- Halon 1211 Bromochlorodifluoromethane
- Halon 1301 Bromotrifluoromethane

emissiebeheerstelsel te aktiveer, moduleer, vertraag of deaktiveer sodat die doeltreffendheid van die emissiebeheerstelsel verminder word onder toestande wat tydens normale bedryf ondervind word, tensy die gebruik van so 'n toestel wesenlik by die toegepaste emissiesertifiseringstoetsprosedures ingesluit is.

7. *Emissie* enige vrystelling van stowwe, onderhewig aan beheer deur hierdie Aanhangsel, vanaf skepe in die atmosfeer of see.
8. *Emissiebeheergebied* 'n gebied waar die aanneming van spesiale verpligte maatreëls vir emissies van skepe vereis word om lugbesoedeling van NO_x of SO_x en deeltjies of al drie tipes emissies te voorkom, te verminder en te beheer en hul gepaardgaande nadelige impak op menslike gesondheid en die omgewing. Emissiebeheergebiede sal dié insluit wat gelys is in, of aangewys is onder regulasies 13 en 14 van hierdie Aanhangsel.
9. *Brandolie* enige brandstof wat gelewer word aan en bedoel is vir verbrandingsdoeleindes vir aandrywing of bedryf aan boord van 'n skip, insluitend gas, distillaat en oorblywende brandstof.
10. *Bruto tonnemaat* die bruto tonnemaat bereken in ooreenstemming met die tonnemaatmetingsregulasies vervat in Aanhangsel I tot die Internasionale Konvensie oor Tonnemaatmetings van Skepe, 1969, of enige opvolgende Konvensie.
11. *Installasies* met betrekking tot regulasie 12 van hierdie Aanhangsel, die installering van stelsels, toerusting, met inbegrip van draagbare brandbluseenhede, insulering of ander materiaal op 'n skip, maar sluit die herstel of herlaai van voorheen geïnstalleerde stelsels, toerusting, insulering of ander materiaal, of die herlaai van draagbare brandbluseenhede, uit.
12. *Geïnstalleer* 'n mariene dieselenjin wat op 'n skip aangebring is of bedoel is om op 'n skip aangebring te word, met inbegrip van 'n draagbare hulp- mariene dieselenjin, slegs indien sy brandstof-, verkoeling- of uitlaatstelsel 'n integrale deel van die skip is. 'n Brandstofstelsel word slegs as integraal van die skip beskou as dit permanent aan die skip vas is. Hierdie definisie sluit 'n mariene dieselenjin in wat gebruik word om die geïnstalleerde kragkapasiteit van die skip aan te vul of te ver groot en bedoel is om 'n integrale deel van die skip te wees.
13. *Irrasionele emissiebeheerstrategie* enige strategie of maatreël wat, wanneer die skip onder normale gebruikstoestande bedryf word, die doeltreffendheid van 'n emissiebeheerstelsel verminder tot 'n vlak laer as wat verwag word op die toepaslike emissietoetsprosedures.
14. *Mariene dieselenjin* enige wederkerende binnebrandenjin wat op vloeibare of dubbele brandstof werk, waarop regulasie 13 van hierdie aanhangsel van toepassing is, met inbegrip van booster/saamgestelde stelsels indien toegepas. Daarbenewens word 'n gasaangedrewe enjin geïnstalleer op 'n skip wat op of na 1 Maart 2016 gebou is of 'n gasaangedrewe addisionele of nie-identiese vervangingsenjin wat op of na daardie datum geïnstalleer is, ook as 'n mariene dieselenjin beskou.
15. *NO_x Tegniese Kode* die Tegniese Kode oor die Beheer van die vrystelling van stikstofoksiede van mariene dieselenjins aangeneem deur resoluie 2 van die 1997 MARPOL-konferensie, soos gewysig deur die Organisasie, met dien verstande dat sodanige wysigings aangeneem en in werking gestel word ooreenkomstig die bepaling van artikel 16 van die huidige Konvensie.
16. *Osoonafbrekende stowwe* beheerde stowwe omskryf in paragraaf (4) van artikel 1 van die Montreal-protokol oor stowwe wat die osoonlaag afbreek, 1987, gelys in Bylaes A, B, C of E tot die genoemde Protokol wat ten tyde van toepassing of interpretasie van hierdie aanhangsel van krag is. Osoonafbrekende stowwe wat gevind kan word aan boord van die skip sluit in, maar is nie beperk tot:

- Halon 1211 Broomchloordifluormetaan
- Halon 1301 Broomtrifluormetaan

- Halon 2402 1,2-Dibromo-1,1,2,2-tetrafluoroethane (also known as Halon 114B2)
 - CFC-11 Trichlorofluoromethane
 - CFC-12 Dichlorodifluoromethane
 - CFC-113,1,1,2-Trichloro-1,2,2-trifluoroethane
 - CFC-114,1,2-Dichloro-1,1,2,2-tetrafluoroethane
 - CFC-115 Chloropentafluoroethane
17. *Shipboard incineration* means the incineration of wastes or other matter on board a ship, if such wastes or other matter were generated during the normal operation of that ship.
18. *Shipboard incinerator* means a shipboard facility designed for the primary purpose of incineration.
19. *Ships constructed* means ships the keels of which are laid or that are at a similar stage of construction.
20. *Sludge oil* means sludge from the fuel oil or lubricating oil separators, waste lubricating oil from main or auxiliary machinery, or waste oil from bilge water separators, oil filtering equipment or drip trays.
21. *Tanker* in relation to regulation 15 of this Annex means an oil tanker as defined in regulation 1 of Annex I of the present Convention or a chemical tanker as defined in regulation 1 of Annex II of the present Convention.

For the purpose of chapter 4:

22. *Existing ship* means a ship which is not a new ship.
23. *New ship* means a ship:
- (a) for which the building contract is placed on or after 1 January 2013; or
 - (b) in the absence of a building contract, the keel of which is laid or which is at a similar stage of construction on or after 1 July 2013; or
 - (c) the delivery of which is on or after 1 July 2015.
24. *Major Conversion* means in relation to chapter 4 of this Annex a conversion of a ship:
- (a) which substantially alters the dimensions, carrying capacity or engine power of the ship; or
 - (b) which changes the type of the ship; or
 - (c) the intent of which in the opinion of the Administration is substantially to prolong the life of the ship; or
 - (d) which otherwise so alters the ship that, if it were a new ship, it would become subject to relevant provisions of the present Convention not applicable to it as an existing ship; or
 - (e) which substantially alters the energy efficiency of the ship and includes any modifications that could cause the ship to exceed the applicable required EEDI as set out in regulation 21 of this Annex.
25. *Bulk carrier* means a ship which is intended primarily to carry dry cargo in bulk, including such types as ore carriers as defined in regulation 1 of chapter XII of SOLAS 74 (as amended), but excluding combination carriers.
26. *Gas carrier* in relation to chapter 4 of this Annex means a cargo ship, other than an LNG carrier as defined in paragraph 38 of this regulation, constructed or adapted and used for the carriage in bulk of any liquefied gas.
27. *Tanker* in relation to chapter 4 of this Annex means an oil tanker as defined in

- Halon 2402 1,2 Dibroom-1,1,2,2-tetrafluoroetaan (ook bekend as Halon 114B2)
 - CFC-11 Trichloorfluormetaan
 - CFC-12 Dichlorodifluorometaan
 - CFC-113 1,1,2-Trichloor-1,2,2-trifluoroetaan
 - CFC-114 1,2-Dichloro-1,1,2,2-tetrafluoroetaan
 - CFC-115 Chloorpentafluoroetaan
17. *Verbranding aan boord* die verbranding van afval of ander materiaal aan boord van 'n skip, indien sodanige afval of ander materiaal tydens die normale werking van daardie skip gegeneer is.
18. *Aanboordverbrandingsoond* 'n aanboordfasiliteit wat ontwerp is vir die primêre doel van verbranding.
19. *Skepe gebou* skepe waarvan die kiele gelê is of wat in 'n soortgelyke stadium van konstruksie is.
20. *Slykolie* slyk uit die brandstof- of smeerolieskeiers, afvalsmeerolie van hoof- of hulpmasjinerie, of afvalolie van ruimwaterskeiers, oliefiltreertoerusting of drupbakke.
21. *Tenkskip* met betrekking tot regulasie 15 van hierdie Aanhangsel, 'n olietenkskip soos omskryf in regulasie 1 van Aanhangsel I van hierdie Konvensie of 'n chemiese tenkskip soos omskryf in regulasie 1 van Aanhangsel II van hierdie Konvensie.
- Vir die doel van hoofstuk 4 beteken:
22. *Bestaande skip* 'n skip wat nie 'n nuwe skip is nie.
23. *Nuwe skip* 'n skip:
- (a) waarvoor die boukontrak op of na 1 Januarie 2013 geplaas is; of
 - (b) in die afwesigheid van 'n boukontrak, waarvan die kiel gelê is of wat in 'n soortgelyke stadium van konstruksie op of na 1 Julie 2013 is; of
 - (c) waarvan die aflewering op of na 1 Julie 2015 is.
24. *Groot ombouing* met betrekking tot hoofstuk 4 van hierdie Aanhangsel 'n ombouing van 'n skip:
- (a) wat die afmetings, drakrag of enjinkrag van die skip wesenlik verander; of
 - (b) wat die tipe skip verander; of
 - (c) waarvan die bedoeling na die mening van die Administrasie is om die lewe van die skip wesenlik te verleng; of
 - (d) wat die skip andersins so verander dat, indien dit 'n nuwe skip was, dit onderworpe sou word aan toepaslike bepalings van hierdie Konvensie wat nie daarop van toepassing is as 'n bestaande skip nie; of
 - (e) wat die energiedoeltreffendheid van die skip wesenlik verander en enige wysigings insluit wat kan veroorsaak dat die skip die toepaslike vereiste EDOI oorskry soos uiteengesit in regulasie 21 van hierdie Aanhangsel.
25. *Grootmaatvragskip* 'n skip wat hoofsaaklik bedoel is om droë vrag in grootmaat te vervoer, met inbegrip van sulke tipes soos ertsdraers soos omskryf in regulasie 1 van hoofstuk XII van SOLAS 74 (soos gewysig), maar uitgesluit kombinasiedraers.
26. *Gasdraer*, met betrekking tot hoofstuk 4 van hierdie Aanhangsel, 'n vragskip, anders as 'n VAG-draer soos omskryf in paragraaf 38 van hierdie regulasie, gebou of aangepas en gebruik vir die vervoer in grootmaat van enige vloeibare gas.
27. *Tenkskip*, met betrekking tot hoofstuk 4 van hierdie Aanhangsel, 'n olietenkskip soos omskryf in regulasie 1 van Aanhangsel I van die huidige Konvensie of 'n

- regulation 1 of Annex I of the present Convention or a chemical tanker or an NLS tanker as defined in regulation 1 of Annex II of the present Convention.
28. *Containership* means a ship designed exclusively for the carriage of containers in holds and on deck.
 29. *General cargo ship* means a ship with a multi-deck or single deck hull designed primarily for the carriage of general cargo. This definition excludes specialized dry cargo ships, which are not included in the calculation of reference lines for general cargo ships, namely livestock carrier, barge carrier, heavy load carrier, yacht carrier, nuclear fuel carrier.
 30. *Refrigerated cargo carrier* means a ship designed exclusively for the carriage of refrigerated cargoes in holds.
 31. *Combination carrier* means a ship designed to load 100% deadweight with both liquid and dry cargo in bulk.
 32. *Passenger ship* means a ship which carries more than 12 passengers.
 33. *Ro-ro cargo ship (vehicle carrier)* means a multi deck roll-on-roll-off cargo ship designed for the carriage of empty cars and trucks.
 34. *Ro-ro cargo ship* means a ship designed for the carriage of roll-on-roll-off cargo transportation units.
 35. *Ro-ro passenger ship* means a passenger ship with roll-on-roll-off cargo spaces.
 36. *Attained EEDI* is the EEDI value achieved by an individual ship in accordance with regulation 20 of this Annex.
 37. *Required EEDI* is the maximum value of attained EEDI that is allowed by regulation 21 of this Annex for the specific ship type and size.
 38. *LNG carrier* in relation to chapter 4 of this Annex means a cargo ship constructed or adapted and used for the carriage in bulk of liquefied natural gas (LNG).
 39. *Cruise passenger ship* in relation to chapter 4 of this Annex means a passenger ship not having a cargo deck, designed exclusively for commercial transportation of passengers in overnight accommodations on a sea voyage.
 40. *Conventional propulsion* in relation to chapter 4 of this Annex means a method of propulsion where a main reciprocating internal combustion engine(s) is the prime mover and coupled to a propulsion shaft either directly or through a gear box.
 41. *Non-conventional propulsion* in relation to chapter 4 of this Annex means a method of propulsion, other than conventional propulsion, including diesel-electric propulsion, turbine propulsion, and hybrid propulsion systems.
 42. *Polar Code* means the International Code for Ships Operating in Polar Waters, consisting of an introduction, parts I-A and II-A and parts I-B and II-B, adopted by resolutions MSC.385(94) and MEPC.264(68), as may be amended, provided that—
 - (a) amendments to the environment-related provisions of the introduction and chapter 1 of part II-A of the Polar Code are adopted, brought into force and take effect in accordance with the provisions of article 16 of the present Convention concerning the amendment procedures applicable to an appendix to an annex; and
 - (b) amendments to part II-B of the Polar Code are adopted by the Marine Environment Protection Committee in accordance with its Rules of Procedure.
 43. A ship *delivered on or after 1 September 2019* means a ship:
 - (a) for which the building contract is placed on or after 1 September 2015; or

- chemiese tenkskip of 'n NLS-tenkskip soos omskryf in regulasie 1 van Aanhangsel II van hierdie Konvensie.
28. *Houerskip* 'n skip wat uitsluitlik ontwerp is vir die vervoer van houers in ruim en op dek.
 29. *Algemene vragskip* 'n skip met 'n meerdek- of enkeldekromp wat hoofsaaklik ontwerp is vir die vervoer van algemene vrage. Hierdie omskrywing sluit gespesialiseerde droëvragskepe uit, wat nie by die berekening van verwysingslyne vir algemene vragskepe ingesluit is nie, naamlik veedraer, barkdraer, swaarvragedraer, seiljagdraer, kernbrandstofdraer.
 30. *Verkoelde vragedraer* 'n skip wat uitsluitlik ontwerp is vir die vervoer van verkoelde vrage in sy ruim.
 31. *Kombinasiedraer* 'n skip wat ontwerp is om 100% dooie gewig te laai met beide vloeibare en droë vrage in grootmaat.
 32. *Passierskip* 'n skip wat meer as 12 passasiers vervoer.
 33. *Ro-ra-vragskip (voertuigdraer)* 'n meerdekkige rol-op-rol-af-vragskip wat ontwerp is vir die vervoer van leë motors en vragmotors.
 34. *Ro-ra-vragskip* 'n skip wat ontwerp is vir die vervoer van rol-op-rol-af vragvervoereenhede.
 35. *Ro-ra-passierskip* 'n passasierskip met rol-op-rol-af-vragruimtes.
 36. *Bereikte EDOI* is die EDOI-waarde wat deur 'n individuele skip behaal is in ooreenstemming met regulasie 20 van hierdie Aanhangsel.
 37. *Vereiste EDOI* is die maksimum waarde van bereikte EDOI wat toegelaat word deur regulasie 21 van hierdie Aanhangsel vir die spesifieke skiptipe en -grootte.
 38. *VAG-draer* met betrekking tot hoofstuk 4 van hierdie Aanhangsel, 'n vragskip wat gebou of aangepas is en gebruik word vir die vervoer in grootmaat van vloeibare aardgas (VAG).
 39. *Plesierboot* met betrekking tot hoofstuk 4 van hierdie Aanhangsel, 'n passasierskip wat nie 'n vragdek het nie, uitsluitlik ontwerp vir kommersiële vervoer van passasiers in oornagverblyf op 'n seereis.
 40. *Konvensionele aandrywing* met betrekking tot hoofstuk 4 van hierdie Aanhangsel, 'n metode van aandrywing waar 'n hoof-wederkerige-binnebrandenj(s) die aandrywer is en gekoppel is aan 'n dryfas hetsy direk of deur 'n ratkas.
 41. *Nie-konvensionele aandrywing* met betrekking tot hoofstuk 4 van hierdie Aanhangsel, 'n metode van aandrywing, anders as konvensionele aandrywing, met inbegrip van diesel-elektriese aandrywing, turbine-aandrywing en hibriede aandrywingstelsels.
 42. *Poolkode* die Internasionale Kode vir Skepe wat in Poolwaters werk, wat bestaan uit 'n inleiding, dele I-A en II-A en dele I-B en II-B, aangeneem deur resolusies MSC.385(94) en MEPC.264(68), soos gewysig mag word, met dien verstande dat—
 - (a) wysigings aan die omgewingsverwante bepalings van die inleiding en hoofstuk 1 van deel II-A van die Poolkode word aangeneem, in werking gestel en tree in werking ooreenkomstig die bepalings van artikel 16 van hierdie Konvensie aangaande die wysigingsprosedures van toepassing op 'n bylaag tot 'n aanhangsel; en
 - (b) wysigings aan deel II-B van die Poolkode word deur die Komitee vir Beskerming van die Mariene Omgewing aangeneem ooreenkomstig sy Prosesreëls.
 43. 'n Skip wat op of na 1 September 2019 afgelewer word, beteken 'n skip:
 - (a) waarvoor die boukontrak op of na 1 September 2015 geplaas word; of

- (b) in the absence of a building contract, the keel of which is laid, or which is at a similar stage of construction, on or after 1 March 2016; or
- (c) the delivery of which is on or after 1 September 2019.

For the purposes of this Annex:

- 44. *Audit* means a systematic, independent and documented process for obtaining audit evidence and evaluating it objectively to determine the extent to which audit criteria are fulfilled.
- 45. *Audit Scheme* means the IMO Member State Audit Scheme established by the Organization and taking into account the guidelines developed by the Organization.
- 46. *Code for Implementation* means the IMO Instruments Implementation Code (III Code) adopted by the Organization by resolution A.1070 (28).
- 47. *Audit Standard* means the Code for Implementation.
- 48. *Calendar year* means the period from 1 January until 31 December inclusive.
- 49. *Company* means the owner of the ship or any other organization or person such as the manager, or the bareboat charterer, who has assumed the responsibility for operation of the ship from the owner of the ship and who on assuming such responsibility has agreed to take over all the duties and responsibilities imposed by the *International Management Code for the Safe Operation of Ships and for Pollution Prevention*, as amended.
- 50. *Distance travelled* means distance travelled over ground.
- 51. *Electronic Record Book* means a device or system, approved by the Administration, used to electronically record the required entries for discharges, transfers and other operations as required under this Annex in lieu of a hard copy record book.

Regulation 3

Exceptions and exemptions

General

- 1. Regulations of this Annex shall not apply to—
 - (a) any emission necessary for the purpose of securing the safety of a ship or saving life at sea; or
 - (b) any emission resulting from damage to a ship or its equipment—
 - (i) provided that all reasonable precautions have been taken after the occurrence of the damage or discovery of the emission for the purpose of preventing or minimizing the emission; and
 - (ii) except if the owner or the master acted either with intent to cause damage, or recklessly and with knowledge that damage would probably result.

Trials for ship emission reduction and control technology research

- 2. The Administration of a Party may, in co-operation with other Administrations as appropriate, issue an exemption from specific provisions of this Annex for a ship to conduct trials for the development of ship emission reduction and control technologies and engine design programmes. Such an exemption shall only be provided if the applications of specific provisions of the Annex or the revised NO_x Technical Code 2008 could impede research into the development of such technologies or programmes. A permit issued under this regulation shall not exempt a ship from the reporting requirement under regulation 22A and shall not alter the type and scope of data required to be reported under regulation 22A. A permit for such an exemption shall only be provided to the minimum number of ships necessary and be subject to the following provisions—

- (b) in die afwesigheid van 'n boukontrak, waarvan die kiel gelê is, of wat in 'n soortgelyke stadium van konstruksie is, op of na 1 Maart 2016; of
- (c) waarvan die aflewering op of na 1 September 2019 is.

Vir die doeleindes van hierdie Aanhangsel, beteken:

- 44. *Oudit* 'n sistematiese, onafhanklike en gedokumenteerde proses om ouditbewyse te verkry en dit objektief te evalueer om te bepaal in watter mate aan ouditkriteria voldoen word.
- 45. *Ouditskema* die IMO-lidstaat-ouditskema wat deur die Organisasie ingestel is en met inagneming van die riglyne wat deur die Organisasie ontwikkel is.
- 46. *Kode vir Inwerkingstelling* die IMO Instruments Implementeringskode (III Kode) wat by resolusie A.1070 (28) deur die Organisasie aangeneem is.
- 47. *Ouditstandaard* die Kode vir Inwerkingstelling.
- 48. *Kalenderjaar* die tydperk vanaf 1 Januarie tot en met 31 Desember.
- 49. *Maatskappy* die eienaar van die skip of enige ander organisasie of persoon soos die bestuurder, of die blote skeepsverhuurder, wat die verantwoordelikheid vir die bedryf van die skip van die eienaar van die skip opgeneem het en wat by die opname van sodanige verantwoordelikheid ingestem het om al die pligte en verantwoordelikhede oor te neem wat deur die Internasionale Bestuurskode vir die veilige bedryf van skepe en vir die voorkoming van besoedeling, soos gewysig, opgelê word.
- 50. *Afstand afgelê* afstand oor land afgelê.
- 51. *Elektroniese Rekordboek* 'n toestel of stelsel, deur die Administrasie goedgekeur, wat gebruik word om die vereiste inskrywings vir ontladings, oordragte en ander bedrywighede soos vereis kragtens hierdie Aanhangsel, in plaas van in 'n hardekopie-rekordboek, elektronies aan te teken.

Regulasie 3

Uitsonderings en vrystellings

Algemeen

- 1. Regulasies van hierdie Aanhangsel is nie van toepassing nie op—
 - (a) enige emissie wat nodig is vir die doel om die veiligheid van 'n skip te verseker of lewens op see te red; of
 - (b) enige emissie as gevolg van skade aan 'n skip of sy toerusting—
 - (i) met dien verstande dat alle redelike voorsorgmaatreëls getref is na die voorkoms van die skade of ontdekking van die emissie met die doel om die emissie te voorkom of te minimaliseer; en
 - (ii) behalwe as die eienaar of die meester opgetree het, óf met die doel om skade te veroorsaak, óf roekeloos en met die wete dat skade waarskynlik sou ontstaan.

Proewe vir skeeps-emissievermindering en beheertegnologiesnavorsing

- 2. Die Administrasie van 'n Party kan, in samewerking met ander Administrasies soos toepaslik, 'n vrystelling van spesifieke bepalings van hierdie Aanhangsel uitreik vir 'n skip om proewe uit te voer vir die ontwikkeling van skeeps-emissievermindering- en beheertegnologieë en enjinontwerpprogramme. So 'n vrystelling sal slegs verskaf word indien die toepassings van spesifieke bepalings van die Aanhangsel of die hersiene NO_x Tegniese Kode 2008 navorsing oor die ontwikkeling van sulke tegnologieë of programme kan belemmer. 'n Permit wat kragtens hierdie regulasie uitgereik is, sal nie 'n skip vrystel van die aanmeldingsvereiste kragtens regulasie 22A nie en sal nie die tipe en omvang van data verander wat vereis word om ingevolge regulasie 22A aangemeld te word nie. 'n Permit vir so 'n vrystelling moet slegs verskaf word aan die minimum aantal skepe wat nodig is en is onderhewig aan die volgende bepalings—

- (a) for marine diesel engines with a per cylinder displacement up to 30 litres, the duration of the sea trial shall not exceed 18 months. If additional time is required, a permitting Administration or Administrations may permit a renewal for one additional 18-month period; or
- (b) for marine diesel engines with a per cylinder displacement at or above 30 litres, the duration of the ship trial shall not exceed 5 years and shall require a progress review by the permitting Administration or Administrations at each intermediate survey. A permit may be withdrawn based on this review if the testing has not adhered to the conditions of the permit or if it is determined that the technology or programme is not likely to produce effective results in the reduction and control of ship emissions. If the reviewing Administration or Administrations determine that additional time is required to conduct a test of a particular technology or programme, a permit may be renewed for an additional time period not to exceed five years.

Emissions from sea-bed mineral activities

- 3.1 Emissions directly arising from the exploration, exploitation and associated offshore processing of sea-bed mineral resources are, consistent with article 2(3)(b)(ii) of the present Convention, exempt from the provisions of this Annex. Such emissions include the following:
- (a) emissions resulting from the incineration of substances that are solely and directly the result of exploration, exploitation and associated offshore processing of sea-bed mineral resources, including but not limited to the flaring of hydrocarbons and the burning of cuttings, muds, and/or stimulation fluids during well completion and testing operations, and flaring arising from upset conditions;
 - (b) the release of gases and volatile compounds entrained in drilling fluids and cuttings;
 - (c) emissions associated solely and directly with the treatment, handling or storage of sea-bed minerals; and
 - (d) emissions from marine diesel engines that are solely dedicated to the exploration, exploitation and associated offshore processing of sea-bed mineral resources.
- 3.2 The requirements of regulation 18 of this Annex shall not apply to the use of hydrocarbons that are produced and subsequently used on site as fuel, when approved by the Administration.

Regulation 4

Equivalents

- 1 The Administration of a Party may allow any fitting, material, appliance or apparatus to be fitted in a ship or other procedures, alternative fuel oils, or compliance methods used as an alternative to that required by this Annex if such fitting, material, appliance or apparatus or other procedures, alternative fuel oils, or compliance methods are at least as effective in terms of emissions reductions as that required by this Annex, including any of the standards set forth in regulations 13 and 14.
2. The Administration of a Party that allows a fitting, material, appliance or apparatus or other procedures, alternative fuel oils, or compliance methods used as an alternative to that required by this Annex shall communicate to the Organization for circulation to the Parties particulars thereof, for their information and appropriate action, if any.
3. The Administration of a Party should take into account any relevant guidelines developed by the Organization pertaining to the equivalents provided for in this regulation.
4. The Administration of a Party that allows the use of an equivalent as set forth in paragraph 1 of this regulation shall endeavour not to impair or damage its environment, human health, property or resources or those of other States.

- (a) vir mariene dieselenjins met 'n per silinder verplasing tot 30 liter, sal die duur van die seeproof nie 18 maande oorskry nie. Indien addisionele tyd nodig word, kan 'n Administrasie of Administrasies wat dit toelaat, 'n hernuwing vir een addisionele tydperk van 18 maande; of
- (b) vir mariene dieselenjins met 'n per silinder verplasing van, of meer as, 30 liter, sal die duur van die skeepsproof nie 5 jaar oorskry nie en sal 'n vorderingsoorsig deur die toelaatbare Administrasie of Administrasies by elke tussentydse opname vereis. 'n Permit kan op grond van hierdie hersiening teruggetrek word indien die toetsing nie aan die voorwaardes van die permit voldoen het nie of as daar bepaal word dat die tegnologie of program waarskynlik nie effektiewe resultate sal lewer in die vermindering en beheer van skeeps-emissies nie. As die hersienende Administrasie of Administrasies bepaal dat meer tyd nodig is om 'n bepaalde tegnologie of program te toets, kan 'n permit hernu word vir 'n bykomende tydperk van hoogstens vyf jaar.

Emissies van seabodemmineraalaktiwiteite

- 3.1 Emissies wat direk voortspruit uit die eksplorasië, ontginning en gepaardgaande aflandige verwerking van seabodemmineraalbronne is, in ooreenstemming met artikel 2(3)(b)(ii) van hierdie Konvensie, vrygestel van die bepalings van hierdie Aanhangsel. Sulke emissies sluit die volgende in:
 - (a) emissies wat voortspruit uit die verbranding van stowwe wat uitsluitlik en direk die gevolg is van eksplorasië, ontginning en gepaardgaande buitelandse verwerking van seabodemmineraalbronne, insluitend maar nie beperk nie tot die opvlam van koolwaterstowwe en die verbranding van snysels, modder, en/of stimulasievloeistowwe tydens putvoltooiing en toetsoperasies, en opvlam wat voortspruit uit ontstelde toestande;
 - (b) die vrystelling van gasse en vlugtige verbindings wat in boorvloeistowwe en -snysels meegesleur word;
 - (c) emissies wat uitsluitlik en direk met die behandeling, hantering of berging van seabodemminerale verband hou; en
 - (d) emissies van mariene dieselenjins wat uitsluitlik toegewy is aan die eksplorasië, ontginning en gepaardgaande buitelandse verwerking van seabodemmineraalbronne.
- 3.2 Die vereistes van regulasie 18 van hierdie Aanhangsel is nie van toepassing op die gebruik van koolwaterstowwe wat geproduseer word en daarna op die terrein as brandstof gebruik word, wanneer dit deur die Administrasie goedgekeur word nie.

Regulasie 4

Ekwivalente

- 1. Die Administrasie van 'n Party kan toelaat dat enige toerusting, materiaal, toestel of apparaat in 'n skip aangebring word of ander prosedures, alternatiewe brandolies, of voldoeningsmetodes wat gebruik word as 'n alternatief vir dié wat deur hierdie Aanhangsel vereis word indien sodanige toerusting, materiaal, toestel of apparaat of ander prosedures, alternatiewe brandolies, of voldoeningsmetodes ten minste so doeltreffend is ten opsigte van emissievermindering as wat deur hierdie aanhangsel vereis word, met inbegrip van enige van die standarde uiteengesit in regulasies 13 en 14.
- 2. Die Administrasie van 'n Party wat toebehoort, materiaal, toestel of apparaat toelaat of ander prosedures, alternatiewe brandolies, of voldoeningsmetodes toelaat wat gebruik word as 'n alternatief vir dié wat deur hierdie Aanhangsel vereis word, moet besonderhede daarvan aan die Organisasie oordra vir sirkulasie aan die Partye, vir hul inligting en toepaslike optrede, indien enige.
- 3. Die Administrasie van 'n Party moet enige relevante riglyne wat deur die Organisasie ontwikkel is, in ag neem met betrekking tot die ekwivalente waarvoor in hierdie regulasie voorsiening gemaak word.
- 4. Die Administrasie van 'n Party wat die gebruik toelaat van 'n ekwivalent soos uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie regulasie, moet streef om nie hul omgewing, menslike gesondheid, eiendom of hulpbronne of dié van ander State te belemmer of te beskadig nie.

*Chapter 2**Survey, certification and means of control***Regulation 5***Surveys*

1. Every ship of 400 gross tonnage and above and every fixed and floating drilling rig and other platforms shall, to ensure compliance with the requirements of chapter 3 of this Annex, be subject to the surveys specified below:
 - (a) An initial survey before the ship is put into service or before the certificate required under regulation 6 of this Annex is issued for the first time. This survey shall be such as to ensure that the equipment, systems, fittings, arrangements and material fully comply with the applicable requirements of chapter 3 of this Annex;
 - (b) A renewal survey at intervals specified by the Administration, but not exceeding five years, except where regulation 9.2, 9.5, 9.6 or 9.7 of this Annex is applicable. The renewal survey shall be such as to ensure that the equipment, systems, fittings, arrangements and material fully comply with applicable requirements of chapter 3 of this Annex;
 - (c) An intermediate survey within three months before or after the second anniversary date or within three months before or after the third anniversary date of the certificate which shall take the place of one of the annual surveys specified in paragraph 1.4 of this regulation. The intermediate survey shall be such as to ensure that the equipment and arrangements fully comply with the applicable requirements of chapter 3 of this Annex and are in good working order. Such intermediate surveys shall be endorsed on the IAPP Certificate issued under regulation 6 or 7 of this Annex;
 - (d) An annual survey within three months before or after each anniversary date of the certificate, including a general inspection of the equipment, systems, fittings, arrangements and material referred to in paragraph 1.1 of this regulation to ensure that they have been maintained in accordance with paragraph 5 of this regulation and that they remain satisfactory for the service for which the ship is intended. Such annual surveys shall be endorsed on the IAPP Certificate issued under regulation 6 or 7 of this Annex; and
 - (e) An additional survey either general or partial, according to the circumstances, shall be made whenever any important repairs or renewals are made as prescribed in paragraph 5 of this regulation or after a repair resulting from investigations prescribed in paragraph 6 of this regulation. The survey shall be such as to ensure that the necessary repairs or renewals have been effectively made, that the material and workmanship of such repairs or renewals are in all respects satisfactory and that the ship complies in all respects with the requirements of chapter 3 of this Annex.
2. In the case of ships of less than 400 gross tonnage, the Administration may establish appropriate measures in order to ensure that the applicable provisions of chapter 3 of this Annex are complied with.
3. Surveys of ships as regards the enforcement of the provisions of this Annex shall be carried out by officers of the Administration:
 - (a) The Administration may, however, entrust the surveys either to surveyors nominated for the purpose or to organizations recognized by it. Such organizations shall comply with the guidelines adopted by the Organization;
 - (b) The survey of marine diesel engines and equipment for compliance with regulation 13 of this Annex shall be conducted in accordance with the revised NO_x Technical Code 2008;
 - (c) When a nominated surveyor or recognized organization determines that the condition of the equipment does not correspond substantially with the particulars of the certificate, it shall ensure that corrective action is taken and shall in due course notify the Administration. If such corrective action is not

Hoofstuk 2

Opname, sertifisering en wyse van beheer

Regulasie 5

Opnames

1. Elke skip van 400 bruto tonnemaat en meer en elke vaste en drywende boortuig en ander platforms moet, om voldoening aan die vereistes van hoofstuk 3 van hierdie Aanhangsel te verseker, onderhewig wees aan die opnames hieronder gespesifiseer:
 - (a) 'n Aanvanklike opname voordat die skip in gebruik geneem word of voordat die sertifikaat wat kragtens regulasie 6 van hierdie Aanhangsel vereis word, vir die eerste keer uitgereik word. Hierdie opname moet so wees om te verseker dat die toerusting, stelsels, toebehore, reëlings en materiaal ten volle aan die toepaslike vereistes van hoofstuk 3 van hierdie Aanhangsel voldoen;
 - (b) 'n Hernuwingsopname met tussenposes deur die Administrasie gespesifiseer, maar nie meer as vyf jaar nie, behalwe waar regulasie 9.2, 9.5, 9.6 of 9.7 van hierdie Aanhangsel van toepassing is. Die hernuwingsopname moet so wees om te verseker dat die toerusting, stelsels, toebehore, reëlings en materiaal ten volle aan toepaslike vereistes van hoofstuk 3 van hierdie Aanhangsel voldoen;
 - (c) 'n Tussentydse opname binne drie maande voor of na die tweede jaardatum of binne drie maande voor of na die derde jaardatum van die sertifikaat wat die plek sal neem van een van die jaarlikse opnames gespesifiseer in paragraaf 1.4 van hierdie regulasie. Die tussenopname moet so wees om te verseker dat die toerusting en reëlings ten volle aan die toepaslike vereistes van hoofstuk 3 van hierdie Aanhangsel voldoen en in 'n goeie werkende toestand is. Sodanige tussenopnames moet geëndosseer word op die ILBV-sertifikaat uitgereik kragtens regulasie 6 of 7 van hierdie Aanhangsel;
 - (d) 'n Jaarlikse opname binne drie maande voor of na elke jaardatum van die sertifikaat, met inbegrip van 'n algemene inspeksie van die toerusting, stelsels, toebehore, reëlings en materiaal waarna in paragraaf 1.1 van hierdie regulasie verwys word om te verseker dat dit in stand gehou is ooreenkomstig paragraaf 5 van hierdie regulasie en dat hulle bevredigend bly vir die diens waarvoor die skip bedoel is. Sodanige jaarlikse opnames sal geëndosseer word op die ILBV-sertifikaat uitgereik kragtens regulasie 6 of 7 van hierdie Aanhangsel; en
 - (e) 'n Bykomende opname, hetsy algemeen of gedeeltelik, volgens die omstandighede, moet gemaak word wanneer enige belangrike herstelwerk of hernuwings gemaak word soos voorgeskryf in paragraaf 5 van hierdie regulasie of na 'n herstel wat voortspruit uit ondersoekte voorgeskryf in paragraaf 6 van hierdie regulasie. Die opname moet sodanig wees dat dit verseker dat die nodige herstelwerk of hernuwings effektief gemaak is, dat die materiaal en vakmanskap van sodanige herstelwerk of hernuwings in alle opsigte bevredigend is en dat die skip in alle opsigte aan die vereistes van hoofstuk 3 van hierdie Aanhangsel voldoen.
2. In die geval van skepe van minder as 400 bruto tonnemaat, kan die Administrasie toepaslike maatreëls instel om te verseker dat die toepaslike bepalings van hoofstuk 3 van hierdie Aanhangsel nagekom word.
3. Opnames van skepe met betrekking tot die afdwinging van die bepalings van hierdie Aanhangsel, moet deur beamptes van die Administrasie uitgevoer word:
 - (a) Die Administrasie kan die opnames egter toevertrou aan opnemers wat vir die doel genomineer is of aan organisasies wat deur die Administrasie erken word. Sodanige organisasies moet voldoen aan die riglyne wat deur die Organisasie aanvaar is;
 - (b) Die opname van mariene dieselenjins en toerusting vir voldoening aan regulasie 13 van hierdie Aanhangsel moet uitgevoer word in ooreenstemming met die hersiene NO_x Tegnieiese Kode 2008;
 - (c) Wanneer 'n genomineerde opnemer of erkende organisasie vasstel dat die toestand van die toerusting nie wesenlik met die besonderhede van die sertifikaat ooreenstem nie, moet hy of sy verseker dat regstellende stappe geneem word en moet die Administrasie te geleger tyd in kennis stel. Indien

- taken, the certificate shall be withdrawn by the Administration. If the ship is in a port of another Party, the appropriate authorities of the port State shall also be notified immediately. When an officer of the Administration, a nominated surveyor or recognized organization has notified the appropriate authorities of the port State, the Government of the port State concerned shall give such officer, surveyor or organization any necessary assistance to carry out their obligations under this regulation; and
- (e) In every case, the Administration concerned shall fully guarantee the completeness and efficiency of the survey and shall undertake to ensure the necessary arrangements to satisfy this obligation.
4. Ships to which chapter 4 of this Annex applies shall also be subject to the surveys specified below, taking into account the guidelines adopted by the Organization:
- (a) An initial survey before a new ship is put in service and before the International Energy Efficiency Certificate is issued. The survey shall verify that the ship's attained EEDI is in accordance with the requirements in chapter 4 of this Annex, and that the SEEMP required by regulation 22 of this Annex is on board;
- (b) A general or partial survey, according to the circumstances, after a major conversion of a new ship to which this regulation applies. The survey shall ensure that the attained EEDI is recalculated as necessary and meets the requirement of regulation 21 of this Annex, with the reduction factor applicable to the ship type and size of the converted ship in the phase corresponding to the date of contract or keel laying or delivery determined for the original ship in accordance with regulation 2.23 of this Annex;
